# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

### Augustus 2024




*'n Jaar van Geleenthede*


# Makhua Bybelbediening

### Dr Gerard Olivier

Die tweede deel van die Makhua Bybelopleiding vind tans (middel tot einde Augustus) in Muapula plaas. Studente vanuit verskillende plekke uit Niassa woon die opleiding by. Hierdie Bybelopleiding/ toerusting kan ver en wyd in Noord Mosambiek weerklink!
Ons vertrou die Here vir 'n diep, permanente werk in elke een wat kom se lewe sodat dit sal weerklink in die ewigheid!
Ek is oortuig daarvan dat die impak wat daar gemaak word, op ander plekke bepaal sal word – in die binnekamer met voorbidders wat intree. Bid steeds:

- **Vir eenheid en wonderlike geestelike "bonding" onder die studente;**
- **Vir reisgenade, gesondheid en beskerming van almal daar sowel as hulle en my geliefdes;**
- **Vir die Here se wil en plan om ook deur hierdie geestelike toerusting te ontvou in Niassa;**
- **Vir wysheid en die Here se wil oor wie ons uit die groep moet nader om volgende jaar opleiding as opleiers te ontvang.**
- **Vir Frits en Nickey-hulle wat geweldig baie grondwerk doen vir so 'n opleidingsgeleentheid;**

Christusliefde,
Gerard en Vanessa.




*Van die Opleidingsmateriaal*



# Ons prys Sy Naam!

### Ds `Dries en Marlee Volschenk

Met harte vol dankbaarheid het `Dries en Marlee hul jongste seun, Simeon se gradeplegtigheid van die laaste skooljaar bygewoon. En so het 'n seisoen van 12 jaar by RVA in Kenya tot 'n einde gekom. "Die Here het ons op soveel maniere geseën! 'n Pragtige opleiding, vriende, skoolgelde, onderwysers, sport, gesondheid, voog ouers, koshuis ouers, koshuis broers, almal vriende. Ons prys Sy Naam!!"







*Child Evangelism Fellowship* was saam met verskeie ander organisasies deel van die Missions Expo op 24 Augustus in Pretoria. Tema van die Expo: "Die Evangelie is net goeie nuus as dit betyds daar kom."





## Warm omgee liefde

### Lukas Lebalelo

Lukas het die nood by die Hospice raakgesien en met ons gedeel.

Komberse is gekoop. En Lukas en Rebekka het die Evangelie in Woord en daad aan hulle, wat die koue van 'n gebroke wêreld beleef, uitgedeel.





## Stryd is nie teen vlees en bloed nie

*Goeienaand,*

*Ek moet vas en bid vir 'n paar dae, dinge loop nie reg hier in Mmakgorie nie. Die mense is baie wild vir die Evangelie, daarom is gebed en vas vir siele nodig. Die mense is anders hier en dit is nie so maklik soos in ander villages nie. As julle vir ons bid, bid ook vir hierdie mense se geloof. Die mense is arm en glo baie in die geeste van towenaars, valse profete en die ou twaalf apostels*

*Dankie,*
*Petrus Mere (Uit Botswana)*

## Die Vreugde van Herstel!

### Suria Scholtz

Toe ek gister laatmiddag by die sydeur van ons huis instap, sien ek die gaste van die vorige nag wat reeds Maandagmiddag uitgevlieg het, terug huis toe, het n bossie verlepte renonkels in die asblikkie daar by die lessenaar gegooi. Renonkels was my Pa se geliefkoosde blomme. Ek tel hulle toe op, sny die stele ietwat korter en sit 'n yslike lepel suiker in die koue kraanwater. Vanogged pronk-peul hulle vars en nuut uit die ou porseleinbeker waarmee ek grootgeword het.
En so sê die Here vir my - kom doen Hy dieselfde in ons lewens. Dit wat ander weggooi of wat ons gereeld afskryf en wegstap van, dit kom tel Hy op uit die asdrom en blaas weer sy skeppings-asem daarin sodat dit weer vars en nuut is. Wat het julle die afgelope maande weggegooi of afgeskryf?




Ons werk hierdie Septembermaand deur Psalm 126. *#Restoration Joy* is die tema of dan *# Die Vreugde van Herstel*!!

---

## Geroep na Antiogië ...

### Nuusbrokkies van bediening in Turkye

In een van die stede wat bykans heeltemal verwoes is in die 2023 aardbewings, is die mense besig om nie net hul tuistes nie maar veral ook hulle lewens te herbou.
Die geestelike nood is hoog. Die dringende behoefte en versoek na toegeruste gelowiges, spesifiek dissipelmakers, is groot.
Bid asb saam vir arbeiders na hierdie oesland.
*Jacques van der Merwe - medewerker TPSA (Turkse Vennootskap van Suid-Afrika)*


What a sad mistake we sometimes make when we think that God only cares about Christians.
-Corrie Ten Boom